VERJAARSDAE 12 TOT 18 APRIL 2009

04/12	HYNO	HAFELE	CANTONMENTSWEG 2	(Blok 3)
04/13	NÜHAN	YSSEL	LANGEBRINKWEG 47	(Blok 3)
04/14	ADAM	BARNARD	WITELSSTR 1	(Blok 4)
04/14	POPPIE	STEARS	AZALEA WS 3	(Blok 1)
04/14	ANÉ	BOTHA	VAN RIEBEECKLN 194	(Blok 2)
04/15	LEONETTE	LE ROUX	VAN RIEBEECKLN 114	(Blok 3)
04/15	FAAN	BUYS	HANS STRIJDOMLN 143	(Blok 3)
04/15	SARIE	LE GRANGE	DF MALANLN 25	(Blok 4)
04/15	STEPHANIE	DUVENAGE	HOFMEYERWEG 52	(Blok 1)
04/16	FRANS	ZEELIE	VAN RIEBEECKLN 278	(Blok 1)
04/16	EMILY	DU PLOOY	REESTLAND WS 3	(Blok 1)
04/17	CASSIE	CARSTENS	SMUTSLN 240	(Blok 1)
04/17	TJAART	DUVENAGE	HOFMEYERWEG 52	(Blok 1)
04/17	SANET	ABRIE	FITZPATRICKWEG 17B	(Blok 2)
04/17	VASTHI	MEISSNER	VAN RIEBEECKLN 189	(Blok 2)
04/17	WILLIE	SMITH	HANS STRIJDOMLN 235	(Blok 1)
04/17	ETIENNE	STEP	VAN RIEBEECKLN 133	(Blok 2)
04/17	ALIDA	MARAIS	KRUGERLN 246	(Blok 1)
04/18	ILZE	BESTER	KRUGERLN 100	(Blok 3)
04/18	MONÉT	BOOYSEN	VAN RIEBEECKLN 142	(Blok 3)
04/18	ANDRÉ	SCHOLTZ	DF MALANLN 255	(Blok 1)

SPESIAE GELUKWENSE

Hartlik geluk aan oom Willie Smith, Hans Strijdomln 235 wat Vrydag 17 April 82 jaar oud sal wees. Ons bid u die Here se seën en baie sterkte vir die nuwe lewensjaar toe.

HUWELIKHERDENKING

MAANDAG, 13 APRIL

SCHALK EN ANNERI BOTHA VAN RIEBEECKLN 338 (Blok 1)

BOOMSLOPING EN

SNOEI VAN BOME EN STRUIKE

KONTAK: ERNST

083 656 4992

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is volhoubare gesondheid dmv 'n natuurlike benadering, lewenstylbeplanning en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 12 April 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 12 APRIL
PAASFEES
Sakelys Kerkraadsvergadering
09:00 Erediens

MAANDAG, 13 APRIL
19:00 Droomspanvergadering

WOENSDAG, 15 APRIL
Skole heropen
17:00 Biduur
19:00 Kerkraadsvergadering
Inbetaling Diakonie

DONDERDAG, 16 APRIL
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alpha kursus

VRYDAG, 17 APRIL
06:00-06:30 Stiltediens

SONDAG, 19 APRIL
Bid vir die verkiesing
Deurkollekte Jeug
09:00 Bevestiging Prop Jan van Jaarsveld
Intreepreek
09:00 Kinderediens
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/ Ouers kuier saam
19:30 Gesinne speel saam

DINSDAG, 21 APRIL
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
19:00—20:30 Sektor 2 vergadering

WOENSDAG, 22 APRIL
17:00 Biduur

DONDERDAG, 23 APRIL
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alpha Kursus

VRYDAG, 24 APRIL
06:00—06:30 Stiltediens

SONDAG, 26 APRIL
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens

MAANDAG, 27 APRIL
Vryheidsdag

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Johan en Retha Wessels, Krugerln 177 met Retha wat in 'n motorongeluk was (Blok 2).
2. Bessie du Plessis, Krugerlaan 239(b) wat 'n ernstige operasie in die Kaap ondergaan het. Dit gaan op die oomblik nie baie goed nie. Ons bid haar sterkte toe (Blok 1).
3. Ryno en Annalize van Staden, Cantonmentsweg 11 met klein Deryck wat tuis aansterk (Blok 2).
4. Willie en Tania Neü, Krugerln 250a met en Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok 1)
5. Frik en Ané Strydom, Hofmeyrweg 15 met Ané wat nog sukkel met haar gesondheid (Blok 1).
5. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat DV Junie/Julie 'n nieroorplan-ting ondergaan. (Blok 2) Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

FEESBUNDEL

Lidmate wat Feesbundels bestel het word versoek om dit asseblief **dringend** by Max af te haal by Krugerlaan 286, telefoon (012) 664-3629. Die prys is R100 per eksemplaar.

Baie dankie.

DROËVRUGTE EN NEUTE

Droëvrugte en neute is nog steeds beskikbaar. Bestelvorms in die banke of in die glashokkies by die deure.

DANKWOORD

'n Spesiale woord van dank aan die Nelle — Attie en Minari, en Arrie en sy gesin vir die voorsiening en plasing van die Palmtakke in die kerk.

Dankie aan Hennie, Priscilla en Tannie Bets vir die lekker tee en koffie na die erediens.

Dankie ook aan Max Amsenga en Dries van der Merwe vir hulle opoffering en bydrae ten opsigte van die voorbereiding van die dokumente vir die Spesiale Kerkraadsvergadering na die erediensop 5 April.

Johan Bauer

GESTUURDE LERAAR : BEVESTIGING 19 APRIL 2009

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die gemeente is 'n leraar beroep om saam met ons die Getuienisboodskap na die wêreld te help uitdra.

Die ordening en bevestiging van prop Jan van Jaarsveld sal op Sondagoggend, 19 April 2009, om 09:00 waargeneem word deur ds F Schoeman, waarna ds Van Jaarsveld sy intreepreek sal lewer.

Aangesien 'n aantal van die gaste van die Van Jaarsvelds nie Afrikaans magtig is nie, het hy versoek dat 'n gedeelte van sy boodskap in Engels gelewer kan word. Die Kerkraad het dit so goedgekeur.

Na die diens sal verversings in die gemeentesentrum aangebied word.

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

Woordwyser Bybelskool

Help elke gelowige Bybelleser om die Bybel beter te verstaan—'n "wyser" na die "Woord" toe.

Datum	Onderwerp	Aanbieder
18 April 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Bybel lees?	Freddie Schoeman
16 Mei 2009	Hoe hoor ons God se stem in die evangelies?	Kobus Myburgh
20 Junie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Sewende eeuse profete lees?	Willie van Heerden
25 Julie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Jeremia en Klaagliedere lees?	Wille van Heerden
12 September 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Esegiël lees?	Gustav Claasen
17 Oktober 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Priestergeskrif en Deutero-Jesaja lees?	Fanie Cronjé
14 November 3009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Deuteronomis en die Ballingskapspsalms lees?	Willem Boshoff

08:00—12:00 In die gemeentesentrum

Die Bybel is God se Woord. Hy wil graag met ons deur sy Woord praat. Dit is een van die maniere waarop Hy met ons wil kommunikeer. Maar hoe kan ons onsself instel om God se stem te hoor wanneer ons die Bybel lees? Hoe weet ons dat ons nie maar net ons eie gedagtes inlees nie?

Koste: R50 (sluit kursusmateriaal in)

Om in te skryf kontak Freddie Schoeman 0845818139,
vul 'n terugvoervorm in

of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za Jy kan ook op ons webblad registreer by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/woordwys2009.html

Wanneer jy in 'n moeilike situasie is, maak van die belofte in die Woord gebruik. Toets beloftes in die stryd, byvoorbeeld Romeine 6; Johannes 15; Psalm 46:11, Openbaring 12:11 en Romeine 8:32-39. Omdat die situasies verskil en die aanslag van die Bose telkens vanuit 'n ander hoek kom, is dit nodig om te weet dat verskillende beloftes nodig is vir verskillende situasies. Een belofte is nie vir alle situasies geldig nie, anders sou die Here ons net een belofte gegee het, maar nou is daar meer as 7000 beloftes in die Skrif.

Ek hoop u nuuskierigheid is nou behoorlik geprikkel. Ons gaan volgende Sondag aan. Mag u 'n geseënde Paasnaweek ervaar.

Christus Groete
Gebedsgroep

oooOooo

ROMMELVERKOPING

Ons rommelverkoping vir die verspreiding van Bybels vind plaas op ***DINSDAG, 5 MEI*** vanaf 06:30 die oggend.

Ons vra nou al dat u u kaste deurgaan en alles wat vir u in onbruik geraak het of oortollig is, deurgee aan Ria Maree, Fitzpatrickweg 21 (telefoon 664 3364) of Dries van der Merwe by Van Riebeecklaan 149 (664 2469). **ONTHOU ...** Wat vir u nie meer bruikbaar is nie, kan vir iemand anders van groot waarde wees. Daar is veral 'n behoefte aan linneware in die vorm van lakens, gordyne, ensovoorts. Komberse is natuurlik altyd welkom. Baie dankie byvoorbaat vir u bydraes.

Die prys van die Bybels het gestyg maar ons subsideer dit nog steeds uit hierdie fondse. Help ons asseblief!

BAIE BELANGRIK ... Ons soek hulp met die merk van die artikels op MAANDAG, 4 MEI in die gemeentesentrum vanaf 09:00.

oooOooo

BAIE DANKIE ...

Baie dankie aan Erika Pienaar vir die pragtige rangskikking in die kerk. Dit is altyd 'n vreugde om te sien waarmee jy na vore kom tydens spesiale geleenthede.

Baie dankie ook aan al die dames onder leiding van Minnie Uys wat altyd gewillig is om te sorg dat daar blomme in die kerk is. Dit word opreg waardeer. Ons besef dat dit 'n opoffering is maar terselfdertyd ook 'n vreugde!

Ontdek jou Potensiaal

Saterdag 30 Mei 2009

08:00—16:00

'n Dag-seminaar om jou te help om jou talente te ontdek en te ontwikkel

JY IS UNIEK!

Elkeen van ons is geskape met 'n doel (Ef 2:10). Jy ook. Jou doel verskil van ander. Daarom het die Here jou uniek gevorm en ontsaglik baie in jou belê. Hy het jou toevertrou met gawes van onskatbare waarde. *Dit is egter 'n skat wat nie aan jou behoort nie—die Here het jou daarmee geseën ter wille van ander*. Jy moet dit egter ontwikkel en bestuur.

Hoe gaan ek te werk om my potensiaal te ontdek?

- Skryf in deur 'n sms aan 0845818139 of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za te stuur of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/potensiaal2009.html
- Jy sal 'n boek ontvang waarin daar 'n kode is. Hierdie kode moet jy gebruik om op die internet 'n vraelys in te vul. Die vraelys word gebruik om jou vyf top talenttemas te ontdek. Jy sal 'n verslag ontvang wat jy moet uitdruk.
- Bring die verslag saam na die seminaar.

Koste: R290 per persoon, betaalbaar wanneer jy die boek ontvang.

Daar is ook nog twee ander geleenthede hierdie jaar:
29 Augustus 2009
7 November 2009

BELYDENISAFLEGGING 11 APRIL 2009

Die volgende jongmense het belydenis van geloof afgelê en ons wens hulle van harte geluk met hierdie groot mylpaal in hule lewe. Die Here se seen word julle toegebid op julle lewenspad verder

Nariza Anderson
Cobus Hough
Barbara Mostert
Stephanie Muller
Simone Opperman
Sasha Roeloffze
Charné Scholtz

Alpha

'n Geleentheid

om die betekenis
van die lewe te ontdek

16 April—25 Junie

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein
van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

VIR OMSKAKELING VAN

VHS "TAPES" na DVD

LP'S na CD

Kontak Thalia vir pryse:

082 450 1629/012 653 7547

e-pos: atos@polka.co.za

DIE GEBEDSBRIEF 10 :

SONDAG 12 APRIL 2009

Môre Gemeente

God se wese is vervat in sy beloftes. Wanneer die Here 'n belofte maak, verbind Hy Homself aan daardie belofte. As God aan sy belofte ontrou moet wees, sou Hy in stryd met sy eie wese moes optree - en dit kan nooit gebeur nie.

Want hoeveel beloftes daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons. **(2 Kor.1:20)**

Lees hierdie vers noukeuring. Die Engelse vertaling daarvan lui so: For no matter how many promises God has made, they are "yes" in Christ. And so through Him the "Amen" is spoken by us to the glory of God. Alle beloftes is JA in Christus, maar dit moet AMEN word deur ons gebede en geloofshandelinge. Amen beteken: dit is waar en seker. Ons moet God op sy Woord neem, omdat sy Woord waar en seker is, en daardie beloftes in geloof in die praktyk van gebed gebruik. Ons voeg die AMEN by met ons lewe, want 'n belofte is nutteloos as iemand dit nie vir homself toe-eien en vanuit die geestelike waarheid en werklikheid daarvan leef nie. Ons moet na God toe kom met sy eie beloftes. Wanneer ons vir enige saak bid, soos herlewing of die redding van 'n persoon, moet ons in die Bybel gaan kyk wat God se wil is en dan soek vir enige beloftes in daardie verband. Staan op daardie beloftes en voeg 'n AMEN daarby. In **Jeremia 33:19-27** sê die Here dat sy beloftes (aan Dawid) so vas is soos die voorkoms en ondergang van die son:

As jy die verbod wat Ek met die dag en die nag gesluit het, kan verbreek sodat dag en nag nie meer op die regte tyd kom nie, sal die verbod verbreek word wat Ek met my dienaar Dawid gesluit het ...

Kyk ook wat daar in **Numeri 23:19** staan:

God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?

Daar is twee maniere waarop God se beloftes na ons as mense toe kom. Eerstens sien ons dit in die Naam van God die Vader, en Seun en Heilige Gees. Elke Naam van God gee uitdrukking aan die wese van God en as sulks is elke Naam van God inderwaarheid 'n belofte. Die ander manier waarop die beloftes na ons toe kom, is doodgewoon deur die Woord te lees en te let op die beloftes wat God in die Skrif vir ons oor verskillende sake gee.

Die beloftes is God se woord aan ons vir spesifieke situasies. Alle beloftes is dus nie vir alle situasies geldig nie. Wees sensitief vir die uitspraak van die Heilige Gees in jou lewe sodat jy kan hoor wat Hy vir jou in die verskillende situasies wil sê.

Die eerste en vernaamste taak van die voorbidder is om na die wil van die Here in 'n bepaalde situasie te soek. Soek 'n woord van God vir of in daardie situasie, en as jy dit het, volg die Here en vertrou Hom - ongeag enige vorm van teenstand.